

## **Sing vooraf staande: Psalm 19:5, 7 (p. 83)**

- 5 Die HEER se vrees is rein, / dit open 'n fontein / van heil wat ewig bly.  
Die wette van die HEER / is waarheid immermeer, / regverdig net soos Hy.  
Hul's soos die fynste goud – / ja, fyner duisendvoud – / geen glans wat so kan straal nie;  
geen heuning is so goed, / geen heuningdrup so soet – / daar's niks wat daarby haal nie.
- 7 Bewaar my vir die kwaad / dat ek met trotse daad / u heil'ge wil weerstreef;  
laat nie die sonde my / oorheers, dan sal ek vry / van groot oortreding leef.  
Laat tog my tong en mond, / my hart se diepste grond, / o HEER, op wie 'k vertrou het,  
U welbehaaglik wees / wat in my hart kan lees – / my Rots, op wie 'k gebou het.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## **Psalm 149:1, 2 (p. 715)**

- 1 Sing tot Gods eer met lof en dank / 'n nuwe lied met nuwe klank, / o al sy gunstelingel!  
Laat Isr'el voor sy Maker juig, / laat Sion voor sy Koning buig, / die HEER van alle dinge!
- 2 Hul moet sy Naam en roem laat hoor / in feesgesang en sangerskoor, / met harp en trommelslae!  
Die HEER 't sy volk weer guns betoon, / sagmoediges met heil gekroon / uit vrye welbehae.

**Gebed**

## **Skrifberyming 9-1:9, 10, 11 (26:9, 10, 11)**

- 9 Laat nooit jou voet die weg betree nie / van hom wat roof nog diefstal vrees.  
Jy mag geen vals getuig'nis gee nie, / maar laat jou woorde waarheid wees.
- 10 Daar mag nooit in jou hart meer kom nie / die minste lus teen Gods gebod.  
Maar wie se mond sal nie verstom nie / as U beveel, o heil'ge God!
- 11 Ons het, o HEER, u wet weerstrewe, / genade<sup>o</sup>is al waar ons op pleit;  
gee ons in Christus nuwe lewe, / om dit te doen uit dankbaarheid.

**Skriflesing:** Sagaria 8:1-17 en Efesiërs 4:17-5:5; Heidelbergse Kategismus, Sondag 43

**Kernvers:** Eksodus 20:16; Efesiërs 4:25

**Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie.**

(Eksodus 20:16 AFR53)

**Daarom, lê die leuen af en spreek die waarheid, elkeen met sy naaste,  
want ons is mekaar se lede.**

(Efesiërs 4:25 AFR53)

## **Heidelbergse Kategismus**

### **Vraag 112: Wat eis die negende gebod?**

*Antwoord: Ek mag teen niemand valse getuienis aflê (a), niemand se woord verdraai (b), nie 'n kwaadsteker of lasteraar wees nie (c), niemand onverhoord of ligtelik help veroordeel nie (d). Alle vorme van lieg en bedrieg moet ek as die duiwel (e) se eie werke vermy as ek nie die sware toorn van God oor my wil bring nie (f). In regsake en in alle handeling moet ek die waarheid liefhê en opreg wees in wat ek sê en bely (g). My naaste se eer en goeie naam moet ek na my vermoë verdedig en bevorder (h).*

(a) Spr 19:5, 9; 21:28. (b) Ps 15:3; 50:19, 20. (c) Rom 1:30. (d) Matt 7:1; Luk 6:37. (e) Joh 8:44.  
(f) Spr 12:22; 13:5. (g) 1 Kor 13:6; Efes 4:25. (h) 1 Pet 4:8.

## **Tema: Het jy integriteit? Dan word jou lewe gekenmerk deur die waarheid**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, ons almal sou al ervaar het hoe leuens verhoudings tussen mense aan skerwe laat spat. Leuens veroorsaak dat daar tussen mense konflik ontstaan. Leuens maak dat mense mekaar nie meer kan vertrou nie. Verhoudings tussen mense word met leuens vernietig en in 'n gemeente veroorsaak dit rusies.

As ons Jesus Christus as ons Here erken en glo dat Hy seggenskap oor ons het, beteken dit dat Hy inderdaad oor ons hele lewe 'n sê het. Christus is mos nie net ons Koning hier in die erediens of wanneer ons huisgodsdienste hou nie. Omdat Christus ons Here is, behoort ons aan Hom. Ons is sy eiendom en Hy is ons Eienaar, want Hy het duur vir ons betaal. Hy het ons immers met sy kosbare bloed losgekoop uit die mag van die sonde en uit die heerskappy van die Satan. Daarom behoort my siel in lewe en in sterwe aan die Here en daarvoor is ons almal baie dankbaar. Maar dit is nie net ons siele wat aan die Here Jesus behoort nie – ook ons liggame behoort in lewe en in sterwe aan Hom. Dit wil sê, ook my en jou tong behoort aan Jesus Christus. Daarom het Jesus ook seggenskap oor hoe ek en jy ons tonge gebruik.

Die Heilige Gees maak in hierdie gedeelte van Efesiërs 4 aan ons duidelik wat dit beteken as Christus seggenskap het tot in die fynste besonderhede van ons lewe. In die vorige paragraaf (vers 17-24) maak die Heilige Gees die beginsel van die nuwe lewe aan ons duidelik. In daardie paragraaf spel die Heilige Gees dit uit hoekom ons aanhoudend kan nuut word (Efes 4:23). Ons het Christus self leer ken, ons het Hom gehoor, ons weet mos wat dit behels om in 'n verhouding met Jesus te lewe. Met ons kennis van Christus daag die Heilige Gees ons uit om aanhoudend nuut te word, want Hy weet presies wat Hy met elkeen van ons al gedoen het en steeds doen. Hy het die wedergeboorte in ons tot stand gebring, daarom kan ons in Christus glo en in 'n intiem, persoonlike verhouding met Christus lewe. Met die Woord is die Heilige Gees voortdurend besig om ons nuut te maak.

Noudat die Heilige Gees die beginsel gestel het, kom Hy by die praktiese uitwerking van hierdie beginsel in elke gelowige se lewe. Nog eenvoudiger gestel: As ons in 'n verhouding met Christus lewe en Hy al meer en meer gestalte in ons lewens kry, watter uitwerking het dit op die woorde wat ons praat? Om agter te kom watter uitwerking ons verbintenisse met Christus op ons woorde het, gaan ons let op die kontras tussen die waarheid en die leuen, die stryd tussen die waarheid en die leuen, en die stryd wat ons het as kerk van die Here.

Broers, susters en kinders, die kontras – die teenstelling tussen waarheid en leuen – is die kontras wat daar tussen God en die duiwel is. So ver as wat die leuen van die waarheid af is, so ver is die duiwel van God af. Tussen God en die duiwel is daar 'n onoorbrugbare afstand.

God self is waarheid in die volste sin van die woord. Hy is die God van waarheid. Dit beteken dat God in sy wese waarheid is, daarom is daar geen leuen in God of van Hom afkomstig is nie. Om dié rede kan Paulus ook aan Titus skryf dat ons God nie kan lieg nie (Tit 1:2). So leer ons God immers van die heel begin af ken. Sy woorde is die ene waarheid. Hy gaan nooit terug op sy woord nie. Hy sê ook nie een ding en doen iets heeltemal anders nie. Daarom kan ons God vertrou. Hy is betroubaar. Ons kan die Here op sy woord neem.

In Christus word die waarheid van God op 'n baie besonderse manier geopenbaar. Jesus sê van Homself:

**Ek is die weg en die waarheid en die lewe;... (Johannes 14:6 AFR53)**

Christus is dus in sy wese waarheid net soos wat sy Vader waarheid is. Daarom kan ons Jesus ook vertrou en Hom op sy woord neem. Niks wat Hy ooit gesê het, was 'n leuen nie. Hy het sy Vader aan ons kom bekend maak sodat ons die Vader kan ken soos wat Hy werklik is. En elke mens wat aan die waarheid se kant is, luister na Jesus. Ook die Heilige Gees word deur Johannes in die evangelie die Gees van die waarheid genoem (Joh 14:17). Die Heilige Gees lei ons in die hele waarheid. Die mens wat aan die kant van die waarheid is, stel homself gewillig onder die leiding van die Heilige Gees.

Omdat ons Drie-enige God waarheid is, is dit vanselfsprekend dat sy Woord ook waarheid sal wees. Daarom kon Christus ook vir sy dissipels tot die Vader bid en sê:

**Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waarheid.** (Johannes 17:17 AFR53)

Ons glo alles wat in die Bybel geskryf staan omdat dit die waarheid is. Die Heilige Gees getuig in ons hart dat dit die waarheid is.

Aangesien God die God van waarheid is, die God wat nie kan lieg nie, is dit ook te verstane dat die mense wat aan God behoort deur die bloed van Jesus Christus ook 'n volk van waarheid sal wees, mense wat nie sal lieg nie. In God se verhouding met die mens is Hy getrou en betroubaar. Hy praat net die waarheid met die mens. Daarom, as die Here sy verbond met sy volk bevestig, stel Hy dit ook duidelik dat Hy die waarheid van hulle verwag as Hy sê:

**Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie.** (Eksodus 20:16 AFR53)

Wanneer God sy volk uit die ballingskap terugbring en bevestig dat hulle steeds sy verbondsvolk is, is die eerste ding wat Hy van hulle verwag die volgende:

**Dit is die dinge wat julle moet doen: Spreek die waarheid met mekaar;...**  
(Sagaria 8:16 AFR53)

Geliefdes, teenoor die God van waarheid staan die duiwel as die vader van die leuen. Christus sê van die duiwel:

**Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan.** (Johannes 8:44 AFR53)

Voordat die duiwel in die paradys met sy bedrog op die aarde begin het, was daar nie iets soos leuens op die aarde nie. Die duiwel het die leuen in die goeie skepping van God ingebring. Eers het hy met 'n verdraaiing van God se woord begin deur te vra of God verbied het dat die mense van enige boom in die tuin mag eet. Toe die vrou sê dat hulle wel van al die bome se vrugte mag eet behalwe die boom van kennis van goed en kwaad, het die duiwel met 'n volbloed leuen gekom. Teenoor die waarheid dat die mens sal sterf as hulle God se gebod oortree, stel die duiwel die leuen en sê: Die mense sal nie sterf nie, maar soos God word wanneer hulle van die verbode vrugte eet.

Daarom bely ons aan die hand van die negende gebod dat elke vorm van lieg en bedrieg die eie werke van die duiwel is. Die mens het nie by sy God geleer om te lieg nie. Christus het ook nie een leuen verkondig nie. Die Heilige Gees is immers die Gees van waarheid en versprei ook nie leuens nie. Daarom kan die leuens net die werk van die duiwel wees. En elke mens wat lieg en bedrieg laat hom deur die duiwel regeer en voorsê om sy werke te doen, naamlik om leuens te vertel.

Dit is slegs genade van God dat die leuen selfs tot nou toe nie heeltemal die oorhand oor die mens gekry het nie. Kragtens sy algemene genade het die Here nog in die mense 'n sekere gevoel en waardering vir die waarheid laat oorbly. En kragtens sy besondere genade het God Homself aan sy uitverkore kinders bekend gemaak as die God van waarheid. En Hy het sy Woord aan sy mense gegee sodat hulle ook hulle lewens kan inrig volgens die waarheid. Maar die mens het weens sy sonde so swak geword dat hulle nie self uit die strikke van die leuen kon bly nie.

Daarom het God sy Seun gestuur na hierdie wêreld om die ryk van die waarheid, wat gruwelik deur die Satan geskend is, te herstel. Jesus het as't ware midde in die stroom van die leuens as die Prins van waarheid gaan staan en verklaar: Ek is die waarheid. Jesus Christus, Hy wat self die waarheid is, het die stryd met die leuen en die vader van die leuen kom aansê sodat sy mense uit die vangnet van die leuen kan loskom.

Dit is opvallend hoe gereeld daar gepoog is om die verlossingswerk van Jesus Christus ongedaan te maak deur leuens. Herodes het aan die sterrekykers gelieg toe hy gesê het hy wil ook eer aan die Koning van die Jode gaan bring. Hy wou nie eer aan Jesus bring nie; hy wou Hom doodmaak. As Satan Jesus in die woestyn versoek, probeer hy Hom verlei deur misleidings, halwe waarhede en blantante leuens. As Jesus met sy Goddelike krag die duiwel uit die duiwelbesetene uitdryf, sê die Fariseërs teen hulle beterwete in dat Hy dit met die krag van die duiwel doen. Toe die Jode Jesus gevange geneem het en Hom wou aankla, het hulle van valse getuies gebruik gemaak. As Christus aan die kruis hang, sê die kerkleiers van daardie tyd dat Christus Homself nie van die kruis kan verlos nie, terwyl Hy dit baie maklik kon doen, want Hy is God. So het Jesus die waarheid van sy eie woorde bevestig met sy dood en opstanding. Maar selfs oor sy opstanding het die Jode 'n klomp leuens versprei.

Deur sy lyding, sterwe en opstanding het ons Here Jesus nie net versoening gedoen vir ons sondes – ook ons leuensondes – nie. Hy het in beginsel die kettings van die leuen stukkend geslaan, want Hy het die vader van die leuen oorwin en die fondament van die herstellende ryk van die waarheid gelê. Op Pinksterdag het Hy sy Heilige Gees, die Gees van die waarheid, op sy kerk uitgestort sodat Hy hulle sal lei op die weg van die waarheid, dit wil sê in die waarheid van sy Woord.

Die stryd tussen die waarheid en die leuen wat die mense van God nie kon volhou en met die waarheid oorwin nie – daardie stryd het Christus kom volbring. Hy het die leuen ten volle oorwin. Maar die stryd is nog nie verby nie. Ons almal het al gesien watter onberekenbare skade ons eie leuens vir mense aangerig het. Ons het al ervaar watter groot vernietigingskrag die leuen het in hegte, intieme verhoudings tussen mense. Hoeveel huwelike het nie al tot in die niet in verbroekel omdat die man of vrou gewillig toegelaat het dat die leuen die waarheid in hulle verhouding oordonder. Dink maar net aan al die hartseer van stukkende verhoudings tussen ouers en hulle kinders omdat die een nie meer kans gesien het om die waarheid met die ander een te praat nie.

En aangesien die Satan Christus se verlossingswerk nie met sy leuens en bedrog kon stuit nie, maar in beginsel oorwin is, spits hy hom nou toe op die kinders van God en op die kerk. Met valse leerstellings het Satan al groot gate in die kerk geslaan. Omdat lidmate van Christus toegee aan hulle natuurlike geaardheid om leuens te vertel, speel hulle in die hand van die Satan wat besig is om die kerk van die Here 'n slegte naam te gee.

Broers, susters en kinders, sal ons nou regtig aanhou om in die vyand, die duiwel, se span te speel teen God? Nee, ons wil nie. Ons wil nie die koninkryk van God afbreek nie. Ons

wil eerder gehoorsame diensknegte wees wat volhard in die uitbreiding van God se koninkryk. Ons wil mense van integriteit wees. Wanneer mense hoor dat ons Christene is en van ons self te wete kom dat ons Christene is, wil ons hê dat hulle dit ook sal glo wanneer hulle ons hoor praat en sien leef. Hoe meer Christus in ons gestalte kry en ons gehoorsaam doen wat Hy ons beveel omdat ons aan Hom behoort, hoe meer sal ons geloofwaardig wees in die oë van ander mense. Dan sal dit wat ons sê ons is en dit wat ons praat en doen tog met mekaar ooreenstem.

Ons weet Christus het reeds die leuen oorwin met die waarheid. Die kettings van die leuen is stukkend geslaan. Ons moet hierdie kettings van die leuen nou van ons begin afgooi. Terwyl ons ophou om leuens te vertel, praat ons met mekaar die waarheid. Maar ons kan alleen die waarheid met mekaar praat as ons die waarheid liefhet. Dit gaan dus oor die gesindheid in ons hart. Ons behoort die waarheid lief te hê, want Christus self is die waarheid. Die Heilige Gees het mos die wedergeboorte in ons laat plaasvind. Ons harte is reeds omgedraai na Christus toe sodat ons Hom kan liefhê. Daarom kan dit ook nie anders nie – in ons harte groei die liefde vir die waarheid ook aan. Dit is net die duiwel en goddelose mense wat die leuen liefhet, en ons is mos nie soos daardie soort mense nie?

Christus sê nog altyd die stryd aan met die leuen. Hy doen dit deur ons. Daarom roep Hy ons op om altyd die waarheid te praat. As 'n mens die waarheid liefhet, sal hierdie liefde 'n mens ook dring om die waarheid te praat. Wanneer ons natuurlike geardheid dit hoor, spring die ou mens in ons se hare sommer orent. In onself weet ons dat wanneer ons die waarheid gaan praat, dit heel waarskynlik konflik gaan veroorsaak. My vrou gaan teleurgesteld en miskien ook kwaad wees vir my. Pa en ma gaan miskien in woede uitbars as ek nou vir hulle gaan sê dat ek vir hulle gelieg het. Ja, dit is so. Wanneer ek en jy 'n leuen uit die weg gaan ruim deur die waarheid te praat, sal daar moontlik konflik wees en dit gaan seer maak, maar onthou die konflik en seer is maar vir 'n kort tydjie – baie korter as 'n lewe van wantroue saam met jou ouers of saam met jou huweliksmaat. Onthou Jesus se woorde: Die waarheid maak 'n mens vry (Joh 8:32).

As 'n mens 'n leuen vertel, sê jy eintlik vir die Satan, dè, bind my maar vas. Dan is 'n mens so vas aan die Satan en die leuen dat jy heelyd al jou tyd en energie daaraan vermors dat jou ouers of jou huweliksmaat net nie moet uitvind wat die waarheid werklik is nie. Maar as jy die waarheid praat, kan jy jou tyd en energie positief aanwend om te bou aan vertroue en liefde vir mekaar en dan kom daar vrede in 'n mens se gemoed.

Iemand met integriteit laat ook die waarheid seëvier wanneer daar geskinder word of sleg gepraat word van iemand anders. Dit beteken dat 'n mens nie gaan meedoen aan skinderpraatjies nie. Jy gaan ook nie stilbly wanneer daar geskinder word nie. 'n Christen beskerm en verdedig sy naaste se eer en goeie naam wanneer skinderpraatjies die rondte doen. Die mens wat egter stilbly wanneer daar geskinder word, laat toe dat die duiwel maar met sy leuen kan voortgaan. Dit kan ons tog nie doen nie. Ons is immers gesalf met die Heilige Gees. Christus het ons konings gemaak om juis met 'n vrye gewete teen die sonde en die duiwel te stry. En as dit 'n gruwelike sonde is wat jou broer of suster gepleeg het, moenie dit uitbasuin nie, en moenie stilletjies daaroor praat nie. Gaan praat self met jou medegelowige. Vermaan en bemoedig hom en haar waar julle alleen is en bid vir hulle.

Ons liefde vir die waarheid, ja, ons liefde vir Christus, word ook sigbaar in die wyse waarop ons beloftes hou. Dit geld van ons beloftes wat ons in die daaglikse lewe teenoor mense maak, maar in besonder ook die beloftes wat ons aan die Here gemaak het. Miskien moet ons vandag weer gaan lees watter beloftes ons gemaak het toe ons getroud is met ons man en vrou, die beloftes toe ons kinders gedoop is, die belofte toe ons

belydenis van geloof gedoen het, die belofte wat ons gemaak het toe ons bevestig is as predikant, ouderling of diaken. Die gelowige wat getrou bly aan sy en haar woord en die beloftes uitvoer, wys op 'n praktiese wyse dat hulle die Here van harte liefhet. Maar die gelowige wat gerieflik van die belofte vergeet of bloot nalatig is, lewe 'n valse lewe. Dan plaas jyself 'n vraagteken oor jou integriteit.

Die mens met integriteit praat die waarheid, leef volgens die waarheid, is betroubaar en kan vertrou word, want hy en sy het die waarheid lief – hulle het die Here lief.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 141:1, 3, 4 (p. 683)

- 1 As daar vir my geen hulp of raad is, / roep ek, o HEER, hoor my gebed!  
Ag, haas U tot my hulp, en red / voordat dit hier met my te laat is.
- 3 Mag nooit my woord U smaad, o HEER, nie! / Rys smaadtaal uit die hart se grond –  
ag, wil dit wegweer van my mond, / dat ek u Naam nooit mag onteer nie!
- 4 Bewaar my hart, gedagte en handel, / sodat ek nooit die vreug mag smaak,  
of deel mag neem aan feesvermaak / van wie in goddeloosheid wandel.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
25 Januarie 2015